Caritas

Die gemeente se diens van barmhartigheid

Gedurende Pinkster word nie-bederfbare produkte, toiletware en skoonmaakmiddels ingesamel om, wanneer nodig, aan behoeftige gesinne in die gemeente uit te deel. Ons benodig asb. skenkings en julle ondersteuning sal waardeer word. Mandjies sal in die kerk se portale geplaas word, waarin die goedere geplaas kan word, of dit kan by die kerkkantoor afgegee word.

Met dank;
Hester Loots 082 671 4995

Gebedsonderwerpe

- Bid dat ons iets sal begryp van die betekenis van Christus se Hemelvaart as Seun van God en Seun van die Mens, wat aan mense gelyk geword het, gesterf het en opgestaan het – dat Hy ook vir ons saam met Hom vrye toegang tot die hemel verseker waar Hy heers as Heer van die here.
- Bid vir die lewensnoodsaaklike werk van die Bloeddiens. Bid vir genoeg skenkers, vir die personeel en vrywilligers. Dank God vir die lewens wat deur die werk gered word.
- Die bediening by Helderberg Hospitaal – dank God vir Alisia se leiding oor die jare, en bid vir Lynette Jacobs wat by haar sal oorneem. Bid dat die liefde van Christus deur hulle sigbaar sal word.
- Bid vir die stryd in ons land teen die georganiseerde misdaad wat besig is om ons samelewing en ekonomie te verniel. Bid vir die Polisie se eenheid teen georganiseerde misdaad.

MEI se deurkollektes

01 Mei: Gemeentebediening – R1 084
08 Mei: Projek 2022/23 – R1 143
15 Mei: Caritas – R1 308
22 Mei: Sinode: Bediening vir die Dowes
26 Mei: Hemelvaartdag - Bybelgenootskap
29 Mei: Pinkster - Bybelgenootskap
30 Mei: Pinkster - Bybelgenootskap
31 Mei: Pinkster - Bybelgenootskap

BORG van die maand

Sonic Signs
82 Broadlands Street
JVR Business Park
Unit 12, Strand
Reinhold Liebenberg
083 55 66 9 33

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:



3. Kontantinbetalings & koeverte:
Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

22 Mei 2022

Oggenddiens 09:30

Baie welkom vanoggend in die erediens. Besonder welkom ook aan Ds Smuts Janse van Rensburg wat as gasprediker optree en daarmee saam sy kleindogter, Emme van Huyssteen, dogter van Grabe en Janine, doop. Seën word hom toegebid op die bediening van die Woord vandag. Mag die Here die gemeente vandag seën met sy heerlike teenwoordigheid. (Terloops, Ds Smuts was 10jr gelede instrumentaal om vir Babette as orrelis in ons gemeente te kry. Baie dankie aan hom hiervoor!)

Ons wil tog weer mense wat in die omgewing woon en aanlyn ingeskakel is, vra om weer die eredienste fisies by te woon ter wille van die saamwees. **Roete na gestroomde eredienste:** Besoek die webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ **ÓF** gaan na Youtube en tik in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes". Die jongste erediens sal bo-aan die blad beskikbaar wees vanaf kort voor die eredienstyd.

22 Mei - Geen meditatiewe diens

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Met die oog op Pinkster wat voorlê, het die groep besluit om die byeenkomste te staak tot 10 Junie.

Moenie vanjaar se Pinksterreeks wat met Hemelvaartdag afskop, misloop nie.

Donderdag, 26 Mei 19:00 - Hemelvaartdiens

PINKSTER 2022:

Ons dink oor geestelike dissiplines en leer Heilige Gees-gedrewe geloofsgewoontes aan die hand van BARNABAS se lewe.

Maandagaand tot Donderdagaand:
Gratis sop en broodjies in Kosmos.

Alle Pinksterkollektes is ten bate van die Bybelgenootskap.

L.W.: Die kerkkantoor sal gesluit wees op Hemelvaartdag.

Voorbidding

- **Hannetjie Sieberhagen**, knie-vervanging 26 Mei.
- **Ina Montini,**heupvervanging 31 Mei.
- **Yvette la Grange**, heupvervanging, 31 Mei
- **Paulina Naurattel,** met Thias se afsterwe.
- **Chemie Prinsloo**, vir newe-effekte na die kankerbehandeling.
- **Pieter & Stella vd Westhuizen,** gesondheidsprobleme.
- **Marjorie Westraat se dogter Amanda**, nieroorplanting.
- **Bets de Klerk,** terminaal.
- **Elmaré Rankin**, herstel na heuprekonstruksie.
- **Tersia Baard,** skoueroperasie.
- **Cecile Maree**, gesondheids-probleme.
- **Anna Goss**, gesondheids-probleme.
- **Annelie Oosthuizen,** rugoperasie(s).
- **Danie & Stephanie du Plessis,** herstel na operasie(s).
- **Elize Basson**, sterk tuis aan na operasie.

Bybelstudie

Woensdae

Géén Bybelstudies sal in die volgende twee weke aangebied word nie agv Pinkster.

Gebedsgroep

Woensdae

Volgende geleentheid

25 Mei 09:00 konferensiekamer

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!